**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**JUNIE 2017**

**EKSAMEN**

**GRAAD 10**

**PUNTE: 80** **TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**
3. **Beantwoord AL die vrae**
4. **Begin elke afdeling op ’n skoon bladsy.**
5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**
   **Mev.Jordaan, Middleton, Meiring, Bothma, Gilbert, Haluman, Ramdhani en Fourie.**
6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**
7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**
8. **Skryf netjies en leesbaar.**

## Afdeling A:  Leesbegrip

**Vraag 1**

**Koerantartikel**

**Lees die artikel hieronder deur en beantwoord die vrae wat volg.**

**Teks A**

# Toeskouers van padongelukke kan botsings veroorsaak



1. In Beeld van Dinsdag 12 Julie, word berig dat ’n onlangse studie in die VSA bevind het dat die tweede grootste oorsaak van padongelukke as gevolg van aandagafleiding veroorsaak word. Moegheid is die grootste oorsaak van sulke padongelukke.

2. ER24 het in ’n verklaring gesê bestuurders se nuuskierigheid by padongelukke, in Engels bekend as “rubbernecking”, is ook in Suid-Afrika ’n groot probleem.
   Dit is wanneer ’n motoris stadig verby ’n ongeluk ry om te kyk wat aangaan.

3. Mnr. André Visser, ER24-woordvoerder, het in ’n verklaring gesê paramedici en die metropolisie doen hul bes om ongelukstonele veilig te maak terwyl hulle ook moet dink aan motoriste wat verby ry.

4. Hy sê dat gevaar nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, want te veel motoriste maak hulle skuldig aan “rubbernecking”.

5. Volgens Visser veroorsaak die stadig verbyry en kyk ook onnodig lang verkeersopeenhopings.

6. ’n Ongeluk aan een kant van ’n snelweg kan selfs tot verkeersopeenhopings aan die ander kant van die snelweg lei omdat mense aan altwee kante van die pad probeer kyk wat aangaan.

7. Visser sê dat die meeste mense wat dit doen, nie besef hulle maak die verkeersopeenhoping erger nie, want dit vat gewoonlik tussen vyf en tien sekondes om verby ’n ongelukstoneel te ry.

8. Die probleem is dat te veel motoriste dit doen.

9. As 60 motors elk tien sekondes lank verby ’n ongelukstoneel ry, veroorsaak dit ’n verkeersopeenhoping wat tien minute duur.

10. Visser het gesê dié tyd kan verdubbel of -driedubbel, afhangend van hoe lank die ongeluk ’n versperring op die pad is.

11. Hy sê dat die probleem in die laaste paar jaar ’n groter probleem geword het omdat mense ook probeer om foto’s en video’s van ongelukstonele te neem.
Sulke motoriste is bekend as “digineckers”.

12. Volgens Visser fokus die nuuskieriges nie op die pad reg voor hulle nie. Wanneer hul aandag op ’n ongelukstoneel is, is dit baie maklik om self ’n ongeluk te maak.

13. Hy het gesê dis glad nie ongewoon dat noodwerkers op ongelukstonele ook na die slagoffers van sekondêre ongelukke omsien wat weens “rubbernecking” gebeur het nie.

14. Visser het motoriste gewaarsku om hul eie en ander mense se veiligheid bo hul nuuskierigheid en behoefte om moontlik grutonele op ongelukstonele te sien te stel.

Bron: Beeld

| | |
|---|---|
| Beeld | naam van ’n Afrikaanse koerant |
| verklaring | wat ER 24 vir die koerant gesê het |
| woordvoerder | die persoon wat praat |
| gevaar | danger |
| veroorsaak | cause |
| aandag | attention |
| noodwerkers | emergency services |
| | |

1.1. In watter land is ’n studie gedoen oor die oorsaak van padongelukke? (1)

1.2. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.2.) en die antwoord (A-C) neer, byvoorbeeld 1.2.E.

Wat is die grootste oorsaak van padongelukke?

A. Aandagafleiding
B. Moegheid
C. Dronk bestuur (1)

1.3. Haal EEN WOORD uit paragraaf 2 aan wat aandui dat die bestuurders brand om te weet wat by padongelukke aangaan. (1)

1.4. Wie probeer om ongelukstonele veilig te maak? Gee twee groepe mense. (2)

1.5. Gee die naam van mnr. André Visser se werk. (1)

1.6. Haal ŉ sin aan wat die definisie van "rubbernecking" gee. (1)

1.7. Watter woord gebruik ons om groot, belangrike paaie waarop ŉ mens vinning bestuur, te beskryf? (1)

1.8. Wat noem ons dit as baie motors stadig agter mekaar moet ry omdat daar êrens op die pad ŉ ongeluk was? (1)

1.9. Haal VYF OPEENVOLGENDE woorde aan wat aandui hoe lank dit gewoonlik vat om stadig verby ŉ ongelukstoneel te ry en kyk. (1)

1.10. As daar 60 motors is wat stadig verby ry en kyk na ŉ ongelukstoneel veroorsaak dit ŉ verkeersopeenhoping van 10 minute.

1.10.1. Hoe lank sal die verkeersopeenhoping wees as daar 120 motors is? (1)
1.10.2. Hoe lank sal die verkeersopeenhoping wees as daar 180 motors is? (1)

1.11. Wat wil "digineckers" doen? (2)

1.12. As jy ŉ motor bestuur en besig is om verby ŉ ongelukstoneel te ry en kyk, is jou fokus nie op die pad voor jou nie. Wat kan dan maklik gebeur? (1)

1.13. Die volgende stelling is WAAR.
Haal ŉ frase van ELF OPEENVOLGENDE WOORDE aan om dit te bewys.

Dit is nie net mense aan een kant van die snelweg wat "rubberneck"nie. (1)

1.14. Kyk weer na paragraaf 13. Daar word gepraat van "sekondêre ongelukke".
Wat is ŉ sekondêre ongeluk? Verduidelik in JOU EIE WOORDE. (2)

1.15. Hoe dink jy voel motoriste wat lank in ŉ verkeersopeenhoping moet sit? (1)

1.16. Noem 1 ding wat motoriste nie moet doen nie as hulle verby ŉ ongelukstonnel ry. Dit sal help om ŉ verkeersopeehoping te vermy. (1)

(20)

**Vraag 2.**

**Teks B. Prent**

**Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

**GOEIE EN SLEGTE BESTUURDERS**



2.1. Kyk na die bestuurder aan die regterkant van die prent. Noem 2 dinge wat haar fokus op die pad negatief affekteer. (2)

2.2. Kyk na die agtergrond van die prent.

2.2.1. Wat het agter haar plaasgevind? (1)

2.2.2. Wie dink jy is verantwoordelik vir wat daar gebeur het? (1)


2.3. Waaruit kan ons aflei dat hierdie prent ŉ stad en NIE ŉ klein dorpie uitbeeld nie? (1)

(5)

## Vraag 3.

**Teks C. Grafiek**

**Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**




3.1. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.1.) en die antwoord (A-C) neer, byvoorbeeld 3.1.E.

Kyk na die item in die boonste regterkantste hoek van die grafiek. Wat noem ons hierdie item met die rooi, oranje en groen ligte, wat gebruik word om verkeer te beheer?

A. Robot
B. Robotlig
C. Verkeerslig. (1)

3.2. Watter stad se verkeer sit, volgens die grafiek, die langste in die verkeer? (1)

3.3. Watter stad se verkeer sit op nommer eenhonderd agt en vyftig in die wêreldranglys? (1)

3.4. Gee een rede waarom JY dink dat die verkeer soveel erger/slegter in Kaapstad as in Vanderbijlpark is. (1)

3.5. Hoeveel ure per jaar spandeer die gemiddelede inwoner van Durban in die verkeer? (1)
(5)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 4**

**INSTRUKSIES**

1. Som die artikel in 7 hoofgedagtes op.
2. Skryf die hoofpunte PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die punte van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

## WENKE VIR PADONGELUKKE

Padongelukke is wêreldwyd die grootste oorsaak van dood onder jong mense van 15 tot 29 jaar oud. Dikwels, indien nie meestal nie, kan dit voorkom word. Dit laat ONS WONDER waarom ons jeug steeds op die pad sterf.

Wat doen jong mense op die pad wat hul risiko vir ’n padongeluk vergroot? Die antwoord lê by hul gedrag. Aggressiewe of gevaarlike bestuursgewoontes veroorsaak tot 80 persent van padongelukke. Sulke houdings en dié soort bestuurstyl ontwikkel van ’n vroeë ouderdom af.

In hul grootwordjare kyk kinders dikwels hoe grootmense optree. Hoe kook pappa die pasta? Watter roete volg mamma skool toe? Dus is dit geen wonder dat hulle dalk ons slegte gewoontes ook naboots nie. Dit sluit swak padgewoontes in. Watter lesse leer jy vir jou kinders oor bestuur op die pad?

As die volwassene of ouer, het jou gedrag ’n direkte uitwerking op die mense om jou, veral dié wat jonk en beïnvloedbaar is. Het jy al gewonder wat jou kind dink wanneer hy agter in die motor sit en jy vloek op ’n taxibestuurder of jy wys jou middelvinger vir iemand?

Dieselfde geld vir die pa wat jaag om sy kinders by die skool te gaan oplaai of die ma wat op haar selfoon praat terwyl sy agter die stuur sit. Hierdie gedrag dra die boodskap aan passasiers en kinders oor dat dit aanvaarbaar is om die reëls te breek.

Sulke gedrag het dalk ’n blywende uitwerking op jong, beïnvloedbare passasiers. Dit kan ook tot die kringloop van aggressie bydra waarin Suid-Afrikaanse padgebruikers hulle bevind.

Dit sal jou help om oor jou gedrag te dink wanneer jy weer agter die stuurwiel inskuif.

**(10)**

**Vraag 5.**

**Afdeling C: TAAL**

**VRAAG 3 ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie gebaseer.

**TEKS D**




5.1. Gee die woord wat vir ons sê dat die advertensie nie gewone skool klasse adverteer nie. (1)

5.2. Watter twee woorde is gekombineer in die eerste gedeelte van die e-posadres om wetwisk@gmail.com te vorm? (1)

5.3. Hoe weet ons dat die ekstra klasse in twee tale aangebied word? (1)

5.4. Gee die VERGROTENDE TRAPPE van vergelyking van die woord tussen hakies.

Skryf net die vraagnommer (5.4) en die antwoord neer.

Jy sal (goed) doen as jy die ekstra klasse bywoon. (1)

5.5. Skryf die vetgedrukte AFKORTINGS volledig uit.

Die ekstra klasse word van **Ma**. tot **Do**. aangebied. (2)

5.6. Gee die INTENSIEWE VORM van die woorde tussen hakies.

Skryf net die vraagnommer (5.6) en die antwoord neer.

Die Graad 10 leerlinge is (baie bang) vir die Wiskunde eksamen. (1)

5.7. Gee die VERSAMELNAAMWOORD wat die volgende sin korrek sal voltooi.

Skryf net die vraagnommer (5.7) en die antwoord neer.

Die leeling neem vir sy onderwyseres 'n __________ blomme om haar te bedank vir alles wat sy vir hom gedoen het. (1)

5.8. Vul die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in om die sin korrek te voltooi

Skryf net die vraagnommer (5.8.1. EN 5.8.2.) en die antwoord neer.

5.8.1. Peter het ekstra klasse bygewoon om _________ punte te probeer verbeter. (1)

5.8.2. Die leerling groet sy Wiskunde onderwyser: "Goeiemôre Meneer, hoe gaan dit vanoggend

met _______ ? (1)

5.9. Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD.

Skryf net die vraagnommer (5.9) en die antwoord neer.

Die meisie (wie/wat) ekstra klasse bywoon, doen hierdie kwartaal baie beter in Wetenskap. (1)

5.10. Vul die ontbrekende VOORSETSEL IN.

Skryf net die vraagnommer (5.10) en die antwoord neer.

Die leerlinge loop ______ voet skool toe. (1)

5.11. Gee die KORREKTE AFRIKAANSE woord vir die vetgedrukte woord in die sin.

Skryf net die vraagnommer (5.11) en die antwoord neer.

Die ekstra klasse kos R100 per **hour.** (1)

5.12. Skryf die sin oor, rangskik die woorde in die korrekte WOORDORDE.

Die seun se Wiskundepunte, verbeter, het, baie, verlede kwartaal. (1)

5.13. Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Leerders in Thabazimbi kan ekstra klasse bywoon. (1)

5.14. Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Die Natuurwetenskap leerlinge sit en leer elke middag na skool. (1)

5.15.1. Skryf die volgende sinne in die ONTKENNENDE VORM oor.

Kos die lesse nog R100/h? Begin so: Nee,... (1)

5.15.2. Woon asseblief die ekstra klasse by. (1)

5.16.1. Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Dit is maklik om hulle te kontak. Hulle het 'n webtuiste en selfoonnommer. (omdat) (1)

5.16.2. Die graad 10 seun sukkel met Wiskunde. Hy woon ekstra klasse by. (daarom) (1)

**(20)**

## VRAAG 6: ARTIKEL

Die taalvrae wat volg, is op die artikel gebaseer.

**TEKS D**

# Padongelukke eis meer as 1 400 lewens

*10 Januarie 2013*

*Phillip Bruwer*

Meer as 1 400 mense is tydens die afgelope feesseisoen op 6.2. (Suid-Afrika) se 6.3. (paaie) dood.

“Volgens die polisie se beraming het minstens 1 465 mense hul lewens in 1 221 ongelukke verloor,” het Ben Martins, die minister van vervoer, 6.4. (donderdag) tydens die bekendmaking van die voorlopige statistieke in Durban gesê.

Die meeste sterftes is deur dronkbestuur, spoed, gevaarlike verbysteek, mense wat nie sitplekgordels dra nie en onpadwaardige voertuie veroorsaak. Die tydperk vir dié sterftes is ongelukke wat tussen 1 Desember 2012 en 8 Januarie 2013 plaasgevind het.

“Voetgangers, wat onder die invloed van drank rondgeloop het, was by sowat 40% van die ongelukke betrokke,” het hy gesê.

– Sapa

Deel van: Hoofnuus, Nuus, SA-nuus

6.1. Na watter seisoen van 2013 is hierdie artikel geskryf? (1)

6.2. Gee die korrekte afkorting vir (Suid-Afrika) (1)

6.3. Gee die ENKELVOUD van die woord (paaie) (1)

6.4. Gee die korrekte spelling van die woord tussen hakies (donderdag). (1)

6.5. Voltooi die VERGELYKINGS. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

6.5.1. Party bestuurders ry so **vinnig** soos .... . (1)

6.5.2. Die man wat die ongeluk veroorsaak het was so **dronk** soos 'n .... . (1)

6.6. Gee die AFKORTING vir die woorde tussen hakies.

Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die ongeluk het (as gevolg van) spoed plaasgevind. (1)

6.7. Skryf die onderstreepte AFKORTING voluit neer.

Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die dronk bestuurder het in die <u>str.</u> afgejaag. (1)

6.8. Gee die VERKLEINWOORDE van die vetgedrukte woord.

Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

6.8.1. Die ongeluk het op 'n klein **pad** plaasgevind. (1)

6.8.2. Die mense woon in 'n klein **huis.** (1)

6.9. Gee die MEERVOUD van die vergedrukte woord.

Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

6.9.1. Al die beseerde mense moes na baie van die **hospitaal** in ons land geneem word. (1)

6.9.2. Daar was baie **motor** in ongelukke betrokke. (1)

6.10. Skryf die volgende sinne oor in die LYDENDE VORM.

6.10.1. Die polisie het die dronkbestuurder gevang. (1)

6.10.2. Die vrou dra 'n sitplekgordel. (1)

6.10.3. Ben gee elke Januarie die statistieke vir die joernaliste. (1)

6.11. Skryf die volgende sinne oor in die INDIREKTE REDE.

6.11.1. Ben sê: "Voetgangers was by 40% van die ongelukke betrokke." (1)

6.11.1. Peter vra: "Het mense versigtig bestuur?" (1)

6.12. Skryf die sinne oor, vul die nodige LEES- EN SKRYFTEKENS in.

6.12.1. ben se ek wil nie weer sulke getalle sien nie (1)

6.12.2. john mary kwanda lindi het gedurende die desembervakansie gesterf (1)

6.13. Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Die vrou neem ’n foto dan stamp sy die motor voor haar. (1)

(20)

TOTAAL AFDELING C: 40

**GROOTTOAAL: 80**